

9 Januarie

Skrifgedeelte: Rut 3

Fokusgedeelte: Rut 3:9 + 10

Slegs die HERE voorsien uitkoms!

Die plan wat Naomi bedink het, mag dalk by die eerste gedagte klink na 'n baie slinkse plan om Boas se aandag as vrygesel te vestig op Rut, die beskikbare weduwee.

Ons mag nie Naomi se opdrag aan Rut ooit sien as menslike slinksheid, ten einde die aardse bekommernis van twee weduwees aan te spreek, nie. Nee, Naomi se terugkeer na God wat voorsien, sluit die hantering van die praktyk van die aardse lewe in, terwyl dit terselfdertyd die vergesig van die ewigheid in fokus hou. God het die lossingsreg ingestel, en Boas is die lossers. God se voorsiening en genade realiseer aan die hand van lossing – verlossing – Verlosser!

Aardse uitkoms vervaag wanneer die verlossing van die Verlosser in werking tree!

Naomi laat die uitkoms aan die HERE oor. Boas ook! Boas se oë gaan oop vir die werk van die HERE wanneer hy Rut in die middel van die nag toeroep: “Mag die HERE jou seën, my dogter!” Hy besef dat Rut haar toevlug by baie mans kon gaan soek, maar dit nie gedoen het nie. Sy soek haar toevlug, deur die aardse lossers, by die HERE wat sal voorsien. Aardse, menslike, vernuf en beplanning lei maar net tot tydelike, aardse en menslike uitkoms. Die lossingsreg in Israel het vooruitgewys na die Verlosser wat sou kom.

Is Hy ook die bron van jou toevlug, jou vertroue? Bid ek werklik: “... nogtans nie wat ek wil nie, maar wat U wil”?

En, wanneer die HERE voorsien, is dit ook veel meer as wat nodig is vir aardse uitkoms. Wanneer die HERE voorsien, spreek dit veel meer aan as aardse behoeftes. Hy spreek in Christus my sondenood aan! Hy versadig my met die Brood van die Lewe! Mag die HERE altyd ons eerste liefde wees en bly!

Sing: Psalm 18:1

Ds LSD du Plessis (Groblersdal)